*L.O.K. Lategan*

# 'N VOORGESTELDE RAAMWERK VIR DIE LITERATUURSTUDIE AS KWALITATIEWE NAVORSINGS-METODOLOGIESE TEGNIEK: 'N LITERATUURSTUDIE OOR GENADEDOOD AS VOORBEELD UIT DIE TEOLOGIESE ETIEK


## ABSTRACT

## A PROPOSED FRAMEWORK FOR LITERATURE STUDY AS A QUALITATIVE RESEARCH TECHNIQUE: EXAMPLES FROM THEOLOGICAL ETHICS

This article proposes a framework on how to conduct a literature study as part of the research process. Seven steps form the design of this framework, namely the identification of the scientific ethos; the identification of both the research problem and the research project; the conceptualisation of key concepts; the analysis of material on the research topic; a reflection on the literature study; a critique on the existing body of literature related to the research problem, and the formulation of an opinion. Euthanasia serves to illustrate the application of this framework.


## 1. AGTERGROND

'n Belangrike stap in die navorsingsproses is die *literatuurstudie* (kyk Lategan 2006). Die literatuurstudie is nie sommer net 'n tussen-in stap in die navorsingsproses nie. Dit reflekteer die navorsing wat reeds oor 'n bepaalde probleem afgehandel en gepubliseer is. Die literatuurstudie fokus op die navorsings-

*Prof. L.O.K. Lategan, Dekaan: Navorsing en Ontwikkeling, Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, Bloemfontein 9301; Buitengewone Professor In Navorsings- en Professionele Etiek, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: Llategan@cut.ac.za.*

problem wat ondersoek word en die moontlike oplossings wat in reeds voltooide navorsingsprojekte hiervoor aangebied is. Terselfdertyd is die opskryf van die navorsingsbevindings die uitbou van die kennis-ensiklopedie oor 'n bepaalde onderwerp (Lues & Lategan 2006:35, Hay 2005:92). Ten spyte van die belangrikheid hiervan, is dit ontstellend om te sien in hoe baie navorsingsprojekte hierdie tegniek nie suksesvol bemeester (kan) word nie. Dit blyk veral uit eksamineringsverslae oor nagraadse studies. Die bemeestering van die literatuurstudie binne die navorsingsproses is dus van belang.

## 2. DOEL, NOODSAAKLIKHEID EN METODOLOGIE VAN ARTIKEL

Die doel van hierdie artikel is om 'n raamwerk vir die doen van 'n literatuurstudie voor te stel. Dié raamwerk is deel van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie en kan as 'n kwalitatiewe navorsingstegniek beskou word. Dit is gebaseer op kwalitatiewe konseptualiseringstegnieke en berus verder nie net op teoretiese argumente nie, maar ook op praktykervaring in verskillende vakwetenskappe. Die doen van die literatuurstudie moet nie verwar word met die proses hoe om die bronne op te spoor/identifiseer of hoe om 'n artikel te skryf nie. (Hiervoor kan onder andere Lues en Lategan [2006], Lategan [2005] en Henning, Gravett en Van Rensburg [2005] geraadpleeg word.) Hierdie verwarring kan maklik plaasvind omdat die opskryf van 'n artikel die vorm van 'n teks aanneem terwyl die literatuurstudie die ontleding van tekste/dokumente is.

Die noodsaaklikheid van hierdie artikel lê nie daarin dat daar nie uitgebreide teksboeke oor die literatuurstudie beskikbaar is nie, maar vanweë die feit dat 'n sistematiese *raamwerk* vir die doen van die literatuurstudie grootliks ontbreek. Die leemte blyk veral uit die baie aandag wat aan die literatuursoektog, paradigmatiese verskille, navorsingsmetodes, die opskryf van die resultate, ensovoorts geskenk word, terwyl weinig aandag gewy word aan hoe om die materiaal wetenskaplik te identifiseer, analiseer en beoordeel en hieruit 'n eie standpunt te formuleer.

Die beskikbaarheid van so 'n raamwerk is daarom van groot belang (kyk Lues en Lategan 2006:8). Die ontwikkeling van 'n raamwerk vanuit die praktyk met 'n teoretiese onderbou kan dus in 'n bepaalde leemte voorsien. Genadedood, as voorbeeld uit die Teologiese Etiek, sal gebruik word om die toepassing van die voorgestelde raamwerk te illustreer.

# 3. ALGEMENE OORSIG OOR DIE LITERATUURSTUDIE AS KWALITATIEWE METODOLOGIESE TEGNIEK

Kumar (2005:30) vat die belangrikheid van die literatuurstudie goed saam as hy sê: "The literature review is an integral part of the entire research process and makes a valuable contribution to almost every operational step." Die belangrikheid van die literatuurstudie word verder deur hom (Kumar 2005:30), Mouton (2001:87), Potter (2002:119) en Britton (1996) beklemtoon deurdat hulle daarop wys dat dit:

- met die formulering van die navorsingsprobleem help;
- die teoretiese basis van die navorsing ondersteun;
- die navorsingsmetodologie ontwikkel;
- inligting oor reeds bestaande kennis van 'n onderwerp voorsien;
- met die kontekstualisering van die navorsingsprobleem en -bevindings help;
- duplisering van studies voorkom;
- verseker dat die jongste en mees toepaslike literatuur geraadpleeg word;
- 'n leergeleentheid is;
- 'n belangrike fase in die navorsingsproses fasiliteer.

Kumar (2005:30) maak 'n verdere belangrike opmerking oor die literatuurstudie as hy verwys na die paradoks in die literatuurondersoek in die sin dat, aan die een kant, die literatuurstudie nie sonder 'n goed geformuleerde navorsingsprobleem onderneem kan word nie, maar dat, aan die ander kant, die literatuurstudie weer help met die formulering van die navorsingsprobleem. Mouton (2001:91) sluit hierby aan deur te wys hoe daar 'n voortdurende heen en weer beweeg tussen die navorsingsprobleem en literatuurstudie moet wees. Hy sê: "It is truly an interactive and a cyclical process." Mouton (2001:86-87) argumenteer verder dat die term "literatuurstudie" nie alles dek wat hiermee bedoel word nie. Hy wys daarop dat dit nie gaan net om 'n versameling van tekste oor 'n onderwerp te raadpleeg nie, maar belangriker nog om na te vors hoe ander navorsers reeds met die probleem in terme van metodologie, teorie en uitkomste gehandel het. Dit is om hierdie rede dat hy sê dat die navorser streng gesproke meer belangstel in "a body of accumulated scholarship" en dat die term "scholarship review" meer dek as wat met die term "literatuurstudie" bedoel word. Ook Potter (2002:118-119) voel dat die literatuurstudie as term tekortskiet. Hy gebruik die begrip "topic review" omdat die literatuurstudie meer omvattende inligting as net die uitkoms van 'n navorsingsprojek kan voorsien. 'n Spesifieke stuk literatuur is dus 'n inligtingbron oor metodologie, paradigmas, teorieë, data, ens.

# 4. DIE VOORGESTELDE RAAMWERK

In hierdie studie word 'n *sewe stap-raamwerk* vir die literatuurstudie aangebied. Die sewe stappe is:

- Identifisering van die wetenskaplike etos;
- Bepaling van die navorsingsprobleem en die omlyning van die navorsingsprojek;
- Konseptualisering van sleutelbegrippe;
- Analise van beskikbare tekste oor die onderwerp;
- Weergee van die literatuurstudie;
- Lewering van kritiek op die literatuurstudie;
- Formulering van 'n eie standpunt.

'n Belangrike eienskap van hierdie raamwerk is die opeenvolging van die verskillende stappe in die *doen* van die literatuurstudie. Hierdie opeenvolging sal nie noodwendig die geval wees in die *opskryf* van die resultate van die literatuurstudie nie. Hier sal 'n mens meer gekombineerde stappe verwag (Kyk afdeling 5). Vir die manier waarop met die resultate van die literatuurstudie gehandel word, sal die *aard* van die navorsingsverslag (byvoorbeeld nagraadse studie, projek of publikasie) die bepalende faktor wees. 'n Mens sou kon verwag dat in 'n M-studie dit meer gaan oor die weergee van ander se standpunte as die formulering van 'n eie standpunt terwyl 'n mens in 'n doktorale studie sal verwag dat metodologie, literatuurstudie en analise meer geïntegreerd in die formulering van 'n eie standpunt sal word. In 'n artikel gaan dit meer oor 'n refleksie op en interpretasie van ander standpunte as die blote weergee van daardie standpunte (Mouton 1996:172-173).

Vervolgens sal aan hierdie raamwerk aandag gegee word.

## 4.1 Identifisering van die wetenskaplike etos (die navorser)

Daar is drie probleme in die literatuurstudie wat verhinder dat die literatuur behoorlik beoordeel word:

- Die afwesigheid van 'n goed gedefinieerde wetenskaplike etos van waaruit tekste beoordeel word;
- Die subjektiwiteit waarmee tekste gelees word;
- Die vooroordeel waarmee tekste gelees word.

Die wetenskapsteorie het wetenskaplikes se aandag daarop gevestig dat 'n teks beswaarlik korrek beoordeel kan word sonder die identifisering van die eie etos en die etos van die outeur(s) van die teks. Die wetenskaplike etos hier ter sprake is die vertrekpunt van waaruit 'n wetenskaplike sy/haar navorsing doen. Vir Smit (1985:35) is etos dit wat op die hart van die mens

appelleer en die rede/motief waarom iets gedoen word. In filosofiese taal word etos die grondmotief vir die navorser se wetenskaplike oriëntering. Net soos die skywer van 'n teks dit altyd vanuit 'n bepaalde etos doen, sal die navorser altyd vanuit 'n bepaalde etos na 'n probleem kyk.

Twee toepaslike voorbeelde ondersteun die opmerking oor die etos: Janse van Rensburg (2000) en Du Toit (2000, 2005) handel, hoewel vanuit 'n eie etos, met die postmodernisme. Uit beide se studies is dit duidelik dat 'n etos 'n bepaalde wetenskaplike beeld vorm en dat hierdie wetenskaplike beeld bepaal hoe die literatuur bestudeer en beoordeel sal word. Vir die modernisme moet alles in 'n bepaalde raamwerk inpas wat as 'n gegewe waarheid aangebied word. Vir die postmodernisme is daar nie 'n klaar geformuleerde raamwerk en 'n duidelike finale standpunt nie. 'n Tweede voorbeeld van die etos word in De Villiers (2002) se artikel oor Kuitert en Meilaender se standpunte oor genadedood en geassisteerde selfmoord gevind. Kuitert en Meilaender verteenwoordig onderskeidelik 'n modernistiese en postmodernistiese siening oor genadedood. Hiervan sê De Villiers (2002:41): "Although both Meilaender and Kuitert regard themselves as Christian ethicists, it is obvious that their approaches to Christian Ethics differ radically."

'n Koerantberig in *The Sunday Telegraph* (15 April 2001) illustreer die invloed van etos voldoende. Die berig handel oor 'n gesprek tussen Dr. Bert Keizer wat erken het dat hy by 'n aktiewe genadedood geassisteer het en Dr. Anthony Daniels wat téén aktiewe genadedood gekant is. Daniels oordeel dat genadedood moreel verkeerd is terwyl Keizer dit aanprys omdat dit juis 'n daad van medemenslikheid teenoor 'n terminale pasiënt is. In die literatuurstudie hieroor het dit weinig betekenis om te rapporteer wie ten gunste en wie téén genadedood is. Dit het nog minder waarde as die navorser byvoorbeeld ten gunste van genadedood is en dan net die voorstaanders daarvan aanhaal om sy/haar argument te ondersteun. Van groter waarde is om die etos (motief) agter 'n standpunt te ontleed en hierdeur die bespreking te laat lei. Onderliggend aan bogenoemde voorbeeld is die *mensbeskouing*. Die optrede teenoor die mens kan verskillende gesindhede beliggaam. Vir die Christelik-gefundeerde etos sal daar duidelike riglyne uit die Bybel geformuleer kan word. Eksodus 20:13 gebied die beskerming van die lewe, Lukas 10:25-37 barmhartigheid teenoor die noodlydendes en baie van die genesingsverhale in Lukas en die wonderverhale in Johannes, Jesus se medelye met die siekes. In die beoordeling van bogenoemde gesprek sal vasgestel moet word wat die betrokke mensbeeld is en hoe dit verband hou met medemenslikheid (ook by die siekbed). Louw (1993:97) se opmerking oor die mens in pastorale terapie is toepaslik. Hy sê dat die belangstelling gerig moet wees op die mens as *skepsel* en nie as *verskynsel* nie. Die sinvraagstuk sal van dus belang wees. Hier, soos in die geval van die mensbeeld, kan die weë uiteenloop. Vir die Christelike etos sal sin binne die

verhouding met God verstaan moet word. Vir die utilitaristiese etos het sin te doen met die grootste geluk vir die grootste aantal mense. Vir die waardegedrewe etos hang sin weer saam met karaktereienskappe. Die punt wat hiermee geïllustreer word, is dat die etos die manier bepaal hoe navorsers na 'n bepaalde situasie/saak kyk (Kyk Van der Merwe 2002, 2006).

Wie dus die etos ignoreer, loop die gevaar dat onversoenbare voorbeelde as gelykluidende voorbeelde aangebied word — dikwels sonder dat die navorser genoegsaam bewus is hiervan.

Die onderskrywing van 'n etos beteken nie dat *subjektief* of met *vooroordeel* na tekste gekyk word nie. Dit is wel die geval as 'n standpunt wat nie binne 'n bepaalde etos inpas nie, geïgnoreer word. Dit is verder die geval wanneer alle standpunte wat nie met 'n bepaalde etos korrespondeer nie, by voorbaat afgewys word sonder dat dit beoordeel en gedebatteer word. Van Deventer (1996) maak hier die belangrike opmerking dat een van die grootste gevare van 'n religie-gedrewe paradigma die isolasie van ander paradigmas is.

## 4.2 Die bepaling van die navorsingsprobleem en die omlyning van die navorsingsprojek

Baie navorsers slaag nie daarin om die navorsingsprobleem goed te formuleer of af te baken nie. Die navorsingsprobleem verwys na dit wat ondersoek word. Die navorsingsprobleem kan deur 'n probleem wat opkom vanuit die literatuur, teorie en/of praktyk geïdentifiseer word (kyk Lues en Lategan 2006:9). 'n Opvallende ongemaklikheid met die term is dat baie navorsers oordeel dat "moeilikheid" ondersoek word in plaas van 'n saak waaroor daar nie duidelikheid is nie of waaroor verskil van mening bestaan.

As die navorsingsprobleem (dit wat nagevors word) die standpunt van die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van genadedood is, dan sal die navorser eerstens moet bepaal of daar 'n ander (nuwer) amptelike standpunt oor genadedood is as die Algemene Sinode se besluit in 1982 dat aktiewe genadedood nie aanvaarbaar is nie, maar dat passiewe genadedood volgens bepaalde kriteria wel ondersteun kan word (Acta Sinodi 1982:1253; Agenda 1982:462-463). Die navorser sal ook verbandhoudende literatuur moet bestudeer om vas te stel hoe hierdie besluit teoloë van die Ned. Geref. Kerk se siening van genadedood beïnvloed het. Die navorser moet egter daarop bedag wees dat hy/sy nie die werke van Heyns (1986), De Villiers (2002) of Lategan (1990) kan aanhaal asof dit die amptelike standpunt van Ned. Geref. Kerk is nie, maar wel wetenskaplikes wat met daardie standpunt omgaan.

As die navorsingsprobleem is watter beskouings die Ned. Geref. Kerk se standpunt beïnvloed het, kan onder meer Heyns, De Villiers en Lategan in die

Suid-Afrikaanse konteks aangehaal word. 'n Ander moontlikheid is om die Suid-Afrikaanse Ned. Geref. Kerke teoloë se tekste te ontleed om uit te wys in hoe verre hulle standpunte ooreenstem met Sinodebesluite. Die navorser moet egter op 'n tegniese punt bedag wees. Die navorser kan nie argumenteer dat die studies van Heyns, De Villiers en Lategan die Algemene Sinode se standpunt in 1982 beïnvloed het nie omdat al hierdie studies ná 1982 verskyn het. Die waarskynlikheid is eerder die omgekeerde, naamlik dat die 1982 Sinodebesluit in daarop volgende studies verder gedebatteer is.

As die navorsingsvraag is wat die Christelike standpunt in Suid-Afrika oor genadedood is, sal literatuur wyer as die Ned. Geref. Kerk en haar teoloë geraadpleeg moet word. Douma as Nederlandse teoloog, byvoorbeeld, se werk sal egter ontoepaslik wees tensy bewys kan word dat die Suid-Afrikaanse standpunt op die Christelik-behoudende standpunt in Nederland gebaseer is. As die vraag is hoe die Suid-Afrikaanse standpunt van/met die Nederlandse standpunt verskil/ooreenstem, sal die kombinasie van outeurs daar anders uitsien.

Kumar (2005:35) se opmerking is belangrik. Hy sê dat die literatuurstudie tematies onderneem behoort te word. Uit die literatuurstudie sal dit duidelik word dat daar reeds geformuleerde teorie vir en standpunte oor 'n bepaalde onderwerp is. Dit behoort die navorser verder te help om die literatuurprobleem sinvol af te baken en te omskryf.

## 4.3 Konseptualisering van sleutelbegrippe

Konseptualisering maak die gebruik van begrippe duidelik, is 'n toegangspoort vir die verstaan van 'n argument/perspektief en bring bepaalde begrippe met mekaar in verband. Dit is dus onontbeerlik in die literatuurstudie. Tog slaag navorsers nie altyd daarin om sleutelbegrippe suksesvol te konseptualiseer nie. Rossouw (2003:16) wys op vier probleme wat met konseptualisering ondervind word:

- Konsepte word dikwels dubbelsinnig gebruik (Genadedood is moord);
- Konsepte is vaag (Genadedood is 'n vorm van lewensberowing);
- Konsepte is nie bekend nie (Genadedood is 'n genade-dood);
- Emotiewe konsepte kan nie altyd goed verduidelik word nie (Hoop verhinder genadedood).

Toegepas op die onderwerp onder bespreking kan begin word deur te sê dat die algemene verstaan van genadedood is dat twee soorte genadedood onderskei moet word: *Aktiewe* en *passiewe genadedood*. Hiermee word onderskeidelik bedoel dat lewe deur mediese ingrepe beëindiging word voordat dit bioties noodsaaklik is (aktiewe genadedood) en die ontrekking van enige buitengewone behandeling aan 'n terminaal siek pasiënt wat geen uitsig op die

herstel van lewe het nie (passiewe genadedood). Dit is van waarde om konsepte vanuit verskillende bronne en kontekste te beoordeel en onderlinge verskille/ooreenkomste uit te wys. Neem die volgende as voorbeelde:

- Remans (2005:245) (soos ander) gebruik 'n etimologiese verduideliking van genadeood: *eu* = *goeie* of *sagte* en *thanatos* = *dood*. Vervolgens lê hy klem op die mediese ingreep deur die dokter en die versoek van die pasiënt. Die bedoeling van aktiewe genadedood is dus om deur mediese ingrepe die dood te verhaas vir 'n andersins sinlose lewe gekenmerk deur pyn en lyding. Die motief/bedoeling is dus mensgerig. Sy onderskeiding help verder met die debat oor geassisteerde selfmoord deur sy klem op die versoek van die pasiënt en die uitvoering daarvan deur die dokter.
- Fletcher (1973:673) en Le Roux (1979:74) verwys na drie kategorieë genadedood: waar daar geen hoop op mediese herstel is nie, waar die pasiënt dit versoek (genadedood op aanvraag) en waar die gemeenskap besluit 'n lewe is nie meer goed genoeg om geleef te word nie (verpligte genadedood). Hierdie onderskeidings maak die volgende sake duidelik: Die terminale toestand van 'n pasiënt lei tot die versoek om genadedood, die pasiënt versoek so 'n ingrepe, die pasiënt het hulp nodig in die uitvoer van so 'n ingrepe en die (ondenkbare) moontlikheid dat 'n lewe deur mediese ingrepe sonder die versoek van die pasiënt beëindig kan word. Laasgenoemde lei 'n ander dimensie van die genadedood debat in: Is dit nog 'n vorm van genadedood as die pasiënt geen aandeel aan die besluit het nie? Die argument kan lei tot die omverwerping van so 'n kategorie in die konseptualisering van genadedood.
- De Villiers (2002:36) koppel aktiewe genadedood aan *doodmaak*. Die navorser moet dus lewensberowing aan sy/haar etiese beoordeling van genadedood koppel.
- Smit (1985:198) kwalifiseer mediese toestande wat passiewe genadedood kan regverdig terwyl Ouweneel (1978:28) die verlenging van lyding aan die volhou van behandeling koppel. Lyding kan die gevolg van 'n mediese toestand wees, maar dit het ook 'n emosionele betekenis vir die pasiënt en die naasbestaandes. Hierdie tipe konseptualisering laat die navorser meer as net mediese omstandighede insien.
- Remans (2005:287-288) behandel palliatiewe sorg as deel van sy bespreking oor passiewe genadedood. Hiermee word bedoel dat in die psigiese, spirituele en sosiale behoeftes van die pasiënt voorsien moet word sodat die lewenseinde ook vir die terminale pasiënt menswaardig kan wees. Hierdie klem op palliatiewe sorg beklemtoon die noodsaaklikheid van menslike behoeftes en menswaardigheid, ook tydens die afsterfproses.

Die konseptualiseringsproses help ook om die debat in 'n wyer konteks te plaas.

Etiek handeboeke het in die algemeen hoofsaaklik na aktiewe en genadedood verwys. 'n Bykomende perspektief is die van *geassisteerde selfmoord* wat aan aktiewe genadedood gekoppel is. Hiermee word die mens se selfbeskikkingsreg (!?) geïmpliseer. Hierdie konseptualisering roep onmiddellik die vraag op of die lewe iets ('n objek/item) is waarvan die mens na willekeur kan afstand doen soos wat van byvoorbeeld 'n kledingstuk ontslae geraak kan word. Dit lei die navorser tot die debat oor subjektiewe regte en regsbelange. Hierdie begrippe noodsaak die navorser om aan die debat hier rondom aandag te gee.

## 4.4 Analise van beskikbare tekste oor die onderwerp

Die probleemidentifisering en omlyning van die onderwerp help die navorser om nou afgebaken na die onderwerp te kyk. Die primêre doel van die literatuurstudie is om op hoogte te kom van die stand van navorsing oor 'n bepaalde onderwerp. Die literatuurstudie moet so omvattend as moontlik wees. Omdat dit as gevolg van omvattende bestaande literatuurstudies nie altyd prakties moontlik is om alles oor 'n onderwerp te lees nie, moet ten minste die primêre bronne oor die onderwerp gelees word (Mouton 2001:90). Twee belangrike vertrekpunte behoort in die literatuuranalise gevolg te word:

Die eerste is Silo (2006) se gebruik van die term "critical reading". Die bedoeling hiervan is dat die teks nie net ontleed moet word nie, maar ook beoordeel moet word. Hiervoor verwys sy na die studie van Norton en Scantlebury waar met die term "deep approach to reading" gehandel word. Die doel hiervan is onder meer om die inligting in die teks met die inligting te koppel waaroor die navorser reeds beskik, die logika van die inligting te verstaan en om die kernargumente van die teks raak te sien. Die belang hiervan is dat die kennis van 'n teks binne 'n groter raamwerk van kennis oor die onderwerp geïntegreer word. Dit voorkom dat tekste los van mekaar beoordeel word en dat inligting nie wedersyds geïntegreer kan word nie (kyk die belang hiervan in die volgende stap).

'n Tweede belangrike hulpmiddel in die literatuuranalise is Strauss (1980, 2001) se verduideliking van die begrip "analise". Analise vind plaas op die basis van identifisering en onderskeiding. Hiermee word bedoel dat 'n bepaalde saak uitgelig word (identifisering) deur af te sien van nie-relevante sake (onderskeiding). Die bate hiervan is dat die aandag op een saak gefokus word en dit nie vermeng word met nie-relevante inligting nie. Hierdie benadering beteken nie 'n afwyking van Silo se voorstel dat kennis binne 'n groter raamwerk geïntegreer moet word nie. Die klem van Silo en Strauss is juis op relevante inligting wat met mekaar in verband gebring moet word.

## 4.5 Weergee van die literatuurstudie

Die weergee van die literatuurstudie kan die beste deur die beeld van 'n hofsaak verduidelik word (kyk Mouton 1996:69). Die navorser neem die karakter van 'n advokaat aan wat 'n betoog vir 'n bepaalde standpunt lewer. Die betoog word gedoen deur 'n standpunt te handhaaf (aktiewe genadedood is eties afkeurenswaardig) en dan getuies *vir* (die sesde gebod Eks. 20:13 vereis die beskerming van lewe) en *téén* (geen sin in die volhou van lewe wat nie meer op die minimum lewenskwaliteit kan aanspraak maak nie) die saak. Nou moet die advokaat (lees navorser) die standpunte vir en téén die saak teen mekaar opweeg ter ondersteuning van sy/haar standpunt. So sal byvoorbeeld geargumenteer word dat lewe 'n gawe is en daarom beskerm en gekoester moet word. Omdat lewe Godgegewe is en die mens maar net instrumenteel in die skep van lewe is, het geen mens die reg om lewe te vernietig nie — nie die van die self of ander nie. Lewenskwaliteit word nie deur funksie bepaal nie, maar deur sin en betekenis. Die navorser moet dus die regter (lees leser) oortuig dat sy/haar standpunt die aanvaarbare standpunt is en nie die van die opponente (teenoorstaande standpunte) nie.

'n Praktyk waaraan die navorser hom/haarself nooit skuldig moet maak nie, is die eensydige weergee van argumente. Om 'n standpunt dat genadedood eties afkeurenswaardig is net met ondersteundende argumente te ondersteun, is nie wetenskaplik verantwoordbaar nie. Hier moet op twee sake gewys word. Eerstens kan die gesprek oor genadedood nie net berus op byvoorbeeld voorstaanders van passiewe genadedood nie. Tweedens sal bronne wyer as net 'n (gereformeerde) Christelike etiek geraadpleeg moet word. Van der Merwe (2006) se keuse vir 'n meer demokratiese godsdiensbenadering in die neem van etiese keuses moet verreken word; die Christelike benadering is nie meer die enigste benadering wat beklemtoon word nie.

Mouton (2001:91) wys daarop dat dit nie in die literatuurstudie gaan net oor "a mere compilation, or summary, or listing, of information sources" nie. In die literatuurstudie gaan dit oor 'n gestruktureerde en logiese weergee van argumente. In hierdie verband is Mouton (1996:70-73) se verwysing na die "PEC"-raamwerk (Problem, Evidence, Conclusion) toepaslik.

## 4.6 Die lewering van kritiek op die literatuurstudie

Kritiek is nie net die negatiewe beoordeling van 'n standpunt nie, maar ook die beoordeling van die etos, konteks en paradigma van 'n standpunt. Strauss (1988, 2006) se kriteria vir wetenskaplike kommunikasie kan in hierdie verband nuttig gebruik word. Hy argumenteer dat elke navorser die eis van *kritiese solidariteit* moet nakom. Hiermee word bedoel dat die navorser dit wat positief

in ’n studie is, kan uitwys en waardeer en dit waarmee verskil word, nie net kan identifiseer nie, maar met toepaslike voorbeelde op die teks kan verbeter. Te veel navorsers lewer net kritiek (eensydig, negatief) sonder om op die argument te verbeter. Te min navorsers slaag daarin om voldoende winspunte in die literatuurstudie te formuleer om sodoende verder met die insigte te kan handel.

### 4.7 Die formulering van ’n eie standpunt

Die formulering van ’n eie standpunt voorkom dat ritse name en argumente gelys word. Die afwesigheid van ’n eie standpunt word dikwels deur die opstapeling van aanhalings en verwysings gereflekteer. Die formulering van ’n eie standpunt is ’n bewys daarvan dat die navorser nie net in beheer van die navorsingsmateriaal is nie, maar ook dat die leser kan bepaal wat die waarde is wat die navorser tot die projek toevoeg. Dit het byvoorbeeld weinig betekenis om De Villiers (2003) se bespreking van Kuitert en Meilander te herhaal. Van meer waarde is om De Villiers se standpunt oor hulle beskouings te interpreteer en binne die raamwerk van die studie waarmee die navorser besig is, te integreer.

Teen die agtergrond van hierdie raamwerk kan die toepassing hiervan as volg aangedui word.

## 5. TOEPASSING

As toepassingsmoontlikheid word ’n Christelik-reformatoriese standpunt ten opsigte van genadedood geformuleer:

Hoewel genadedood op aanvraag (aktiewe genadedood — konseptualisering) in Suid-Afrika nie beskikbaar is nie, neem lande soos België en Nederland hierin die leiding. Waar die heersende moraal in Suid-Afrika die reg op lewe is (soos gerugsteun deur die saak van die Staat versus Hartman, 1975) oordeel lande soos België en Nederland dat ’n mens die reg het om self oor lewe en die volhou van sy/haar lewe te besluit (alles voorbeelde van die analise van tekste). Dié siening verskil van byvoorbeeld die heersende aborsiewetgewing waar (net) die vrou die keuse het om oor die volhou van die swangerskap te beskik. Outonomiteit is dus ’n leidinggewende oorweging in sowel lande wat aktiewe genadedood steun of teenstaan — hoewel outonome besluitneming by elkeen ’n eie betekenis het. ’n Christelik-reformatoriese standpunt (etos) kan aktiewe genadedood nie steun nie omdat ’n Bybels-gefundeerde etiek dit teenstaan, onder meer omdat die beskerming en nie die vernietiging van lewe deur die sesde gebod opgeëis word (etos, omlyning, literatuurstudie en eie standpunt). Die standpunt word onder meer ondersteun deur die gesag

van die Bybel waaraan vasgehou word (etos). Die standpunt oor die betekenis van die volhou van die lewe verskil dus van ’n postmoderne standpunt of demokratiese godsdiensbeskouing wat die gesag van die Bybel nie in dieselfde mate sal erken nie (etos en analise van tekste). Lyding is ook nie sinloos indien dit binne die konteks van Christus se lyding verstaan word nie (etos en analise van tekste, weergee van literatuurstudie).

Aktiewe genadedood word verder afgekeur omdat die lewe nie ’n objek is waarvan die mens as beelddraer van God kan afstand doen nie (kritiek). Ten spyte van die bestaan van die standpunt dat mens outonoom is, verskil ’n Christelik-reformatoriese standpunt hiervan omdat God beskerming vir die mens se lewe gebied (alles voorbeelde van die opskryf van die literatuurstudie).

Hierdie studie ondersteun die toepassing van passiewe genadedood omdat die internasionaal erkende kriteria hiervoor deur ’n Christelike etiek onderskryf kan word. Waar daar geen redelike herstel op lewe is nie en by die afwesigheid van refleksie en die aanwesigheid van ’n koma en/of selfs in geval waar ’n pasiënt breindood is, kan alle aktiewe behandeling gemik op die herstel van lewe onttrek word en palliatiewe sorg in die plek hiervan gestel word (formulering van eie standpunt).

## 6. SAMEVATTING

Die doel van hierdie studie was om ’n raamwerk aan te beveel vir die doen van die literatuurstudie. Die raamwerk se sewe stappe is teoretiese gefundeer en aan die hand van genadedood toegepas.

# BIBLIOGRAFIE

ACTA
1982. *Sesde vergadering van die Algemene Sinode van die NGK*. Pretoria.

AGENDA
1982. *Sesde vergadering van die Algemene Sinode van die NGK*. Pretoria.

BRITTON, A.
1996. Study resources coordinator, South Bank University. [Aanlyn.] Bekom van: http://www.mdx.ac.uk/www/study/gloess.htm.

DE VILLIERS, E.
2002. Euthanasia and assisted suicide: A Christian ethical perspective. *Acta Theologica Supplementum* 3:35-47.

DU TOIT, B.
2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

2005. *Sprakeloos oor God*. Wellington: Lux Verbi BM.

FLETCHER, J.
1973. Ethics and euthanasia. *American Journal of Nursing* 73(4):670-675.

HAY, D.
2005. The art of academic writing. In: L.O.K. Lategan & L. Lues (eds.), *Doing research* (Bloemfontein: Tekskor), pp. 92-102.

HENNING, E., GRAVETT, S. & VAN RENSBURG, W.
2005. *Finding your way in academic writing*. Pretoria: Van Schaik.

HEYNS, J.A.
1986. *Teologiese Etiek 2/1*. Pretoria: NGKB.

JANSE VAN RENSBURG, J.
2000. *The paradigm shift*. Pretoria: Van Schaik.

KUMAR, R.
2005. *Research methodology: A step-by-step guide for beginners*. London: SAGE Publications.

LATEGAN, L.O.K.
1990. *Genadedood óf dood sonder genade?* Bloemfontein: VCHO.

2005. Writing for publication: A roadmap. In: L.O.K. Lategan & L. Lues (eds.), *Doing research* (Bloemfontein: Tekskor), pp. 89-91.

2006. 'n Voorgestelde raamwerk vir die skryf van 'n akademiese publikasie: Voorbeelde uit die teologiese etiek. *Acta Theologica* 26(2):136-154.

LE ROUX, W.P.
1979. Aspekte van eutanasie in strafreg. *De Jure* 12(2):252-263.

LOUW, D.J.
1993. *Patoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN.

1994. *Illness as crisis and challenge: Guidelines for pastoral care*. Halfway Houe: Orion Publications.

LUES, L. & LATEGAN, L.O.K.
2006. *Re: Search ABC*. Stellenbosch: Sun Press.

MOUTON, J.
1996. *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

OUWENEEL, W.
1978. *Operatie supermens*. Groningen: De Vuurbraak.

POTTER, S.
2002. Undertaking a topic review. In: S. Potter (ed.), *Doing postgraduate research* (London: Sage Publications), pp. 117-131.

REMANS, J.
2005. *De boom van goed en kwaad: Over bio-etiek, biotechniek, biopolitiek*. Leuven: Acco.

ROSSOUW, D.
2005. Concepts, meaning and definition. In: D. Rossouw (ed.), *Intellectual tools: Skills for the Human Sciences* (Pretoria: Van Schaik), pp. 16-21.

SILO, M.
2006. Literature search. Presentation during a research workshop on publication writing at the Central University of Technology. April 2006.

SMIT, J.H.
1985. *Etos en etiek*. Bloemfontein: Patmos.

STRAUSS, D.F.M.
1980. *Inleiding tot die kosmologie*. Bloemfontein: SACUM.

1988. *Die grondbegrippe van die sosiologie as wetenskap*. Pretoria: RGN.

2001. *Paradigms in Mathematics, Physics and Biology*. Bloemfontein: Tekskor.

2006. *Reintegrating social theory: Reflection upon human society and the discipline of Sociology*. Frankfurt a. M.: Peter Lang.

THE SUNDAY TELEGRAPH
2001. Trust me, I'm a doctor … 15 April.

VAN DER MERWE, J.C.

2002. Making ethics work. In: L.O.K. Lategan & P. le Roux (eds.), *Business ethics* (Bloemfontein: Tekskor), pp. 16-23.

2006. Ethical decision-making: How twenty years of philosophy changed my life. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 42 (Spesiale Uitgawe):176-188.

VAN DEVENTER, H.J.M.

1996. 'n Paradigma vir gereformeerde teologiese wetenskapsbeoefening — 'n Voorstel. *Koers* 61(4):441-456.

VAN NIEKERK, A.A.

2006. *Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges*. Wellington: Lux Verbi BM.

WHITE, J.E.

2003. *Contemporary moral problems*. Belmont, CA: Wadsworth.

| *Sleutelwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Kwalitatiewe navorsing | Qualitative research |
| Literatuurstudie | Literature study |
| Genadedood | Euthanasia |